

Die Saterdag na Jesus gekruisig is.

Markus 15:42-47

Op die Saterdag (Sabbat) het Jesus se liggaam in die graf gerus. Sy gees ervaar die ewige rus om by die Vader te wees.

Om die volle betekenis van die Sabbatsrus te verstaan, sal ons Matteus 12:1-8 bestudeer.

In die Ou Testament was die doel van die tempel om versoening te bewerk tussen mens en God. Dis die plek waar die mens die naaste aan God kon kom.

Daarom sê Jesus in vers 6 dat Hy groter is as die tempel. Hy het immers volkome versoening tussen mens en God bewerk. Daarom wys die tempel alleen vooruit na Hom. Hy is die ware tempel. Daarom, noudat Jesus gekom het, het ons nie meer 'n tempel nodig nie.

Wat geld vir die tempel, geld ook vir die Sabbat. Daarom sê Jesus in vers 8 dat Hy ook die Here oor die Sabbat is. Die doel van die instelling van die Sabbat was dat die volk altyd daaraan herinner moes word dat hulle God moet aanbid. Die wese van die ou verbond (die wet) was juis dat ons alleen deur volmaakte gehoorsaamheid gered kon word.

Die gevolg is dat ons steeds onself wil bewys. Dis die rede waarom mense hulleself oorwerk en ooreis. Dit is 'n groot rede agter die hoeveelheid depressie en angs gevalle. Ons doen alles in ons vermoë om vir die wêreld, en onself, te bewys dat ons werd is.

Die groot probleem is egter dat ons sonde veroorsaak dat ons nooit sal kan wees wat God van ons verwag nie.

Daarom het God die Sabbat ingestel. Die Sabbat wys vooruit na die Een wat sal kom en wie se werk volmaak is. Die een in wie ons rus sal kry van die eis van goeie werke.

In Christus het ons nie meer nodig om onself te bewys nie. Jesus het daardie groot las van ons skouers kom afhaal. Hy was volkome gehoorsaam, in ons plek. Ons is waardig

om kinders van God te wees, alleen omdat Jesus ons waardig gemaak het aan die kruis.

Daarom sluit Paulus hierby aan wanneer hy sê:

“Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die Sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.” (Kol. 2:16-17)

Jesus is die ware Sabbat. Die een wat ons rus gee en vry maak van die eis van volmaakte gehoorsaamheid.

Daarom was Jesus op die Sabbat in die graf. Hy het vir ons die ewige rus en vrede bewerk wat ons nie in onself kan kry nie. Dit is alleen deur sy genade.

Die Sabbat gaan nie daaroor dat ons geen werk moet doen nie. Nee, die Sabbat herinner ons daaraan dat ons net deur volmaakte werk die ewige rus kan kry, en omdat ons te swak en nietig is om dit reg te kry, het Jesus dit in ons plek kom bewerk.

Aleen deur sy volmaakte gehoorsaamheid kry ons die ewige rus. Daarom moet ons onself in Hom verheug. Ons is ons lewens aan Hom verskuldig!!

Mag hierdie inperking ons ook daaraan herinner dat ons waardigheid nie deur ons goeiewerke bepaal word nie, maar deur dit wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het. Leef in hierdie rus!!